



www.ptawoodworkers.com

May 2014

Mei 2014

Programme – 2014

Monthly meetings

Last Wednesday, of each month at 18h00 at the new Plant Sciences Building, University of Pretoria (see website for a map). Topics for the remainder of the year are given below.

- 25 June: Woodoc products
- 30 July: Project Plank
- 27 August: Aids and Gadgets
- 24 September: Special Techniques
- 29 October: Laser & Water Cutting
- 26 November: Safety Products

Exhibition

Saturday 20 September 2014
New Hope School

Afgelope draaiersbyeenkomste

Draaiersbyeenkoms Op 24 Mei 2014 by Carel Van der Merwe met Butch Smuts as Gas

Deur Johan Labuschagne en Lou Coetzer

Weens die min belangstelling wat daar tans onder draaiers in SA heers om 'n nasionale simposium namens alle lede in die land te hou, het die Draaierskomitee van ons Vereniging in Pretoria besluit om te poog om plaaslik iets meer as die gewone aan te bied. Benewens die byeenkoms wat ons elke maand hou, is besluit om vanjaar in Meimaand 'n bykomende geleentheid vir ons lede te reël. Aanvanklik het ons oorweeg om 'n bekende draaier uit die buiteland te nooi, maar aangesien ander verenigings ons nie wil/kan ondersteun nie en dit op ons eie te duur sou wees, het ons 'n ander plan beraam. Verder, omdat ons iemand met internasionale aansien bykans in ons midde het, het ons besluit om 'n besondere geleentheid daarvan te maak en vir Butch Smuts van Nelspruit te nooi om ons vir 'n demonstrasie te kom besoek.

Willie de Wet het die aanvoerwerk behartig en vir Butch genooi vir Saterdag 24 Mei. Butch het dadelik ingestem en was gretig om weer met plaaslike draaiers skouers te skuur. Piet Smith was so gaaf om vir Butch verblyf te verskaf en almal was in rep en roer om 'n sukses van die geleentheid te maak. Carel van der Merwe het sy ruim en uiters netjiese werksplek verskaf en sy vrou, Marietjie het ons baie bederf deur vir 'n heerlike middagete te sorg. Ons het die vleis voorsien wat Kobus Mostert vir ons op drie Webers gaargemaak het. Kobus wat die taak eiehandig aangepak het, verdien spesiale vermelding vir sy onbaatsugtige rol en gewilligheid om altyd te help waar nodig. Ander lede het skottels en vleismesse gebring en elkeen wat 'n bydrae gemaak het tot die dag se sukses, word hartlik bedank. Dit geld veral ook vir

2014

25th Anniversary of the Woodworking Association of Pretoria



Celebratory breakfast
Saturday 1 November 2014
Reserve this date in your diary!
Detail to follow

Carel en Marietjie wie se huis en werksplek ons oorgeneem het.

Die voorafgaande Vrydagmiddag het ons, saam met Butch, Carel se werksplek besoek om te verseker dat alles vir die volgende dag gereed sou wees en Butch se demonstrasies glad sou verloop. Dit was ook belangrik om te verseker dat die videostelsel waaraan Reinald en Leon so hard gewerk het, perfek moes funksioneer. Leon moet veral hartlik bedank word vir sy visie en deursettingsvermoë om die stelsel te inisieer en op die been te bring en al die tegniese en rekenaartegnologie rakende beeldproduksie en video-opnames vooraf uit te sorteer.

Die aand voor die byeenkoms het 'n groepie van ons vir Butch 'n bietjie beter leer ken onder informele omstandighede toe ons saam by die Achilles restaurant in Tukkies se binnemuurse sportkompleks gaan eet het.

Saterdagoggend was Carel se werkskamer reeds vroeg in rep en roer soos almal geskarrel het om die laaste sake vir die groot dag te finaliseer. 'n Klompie van die manne het uitsoek draai-items gebring wat in die sitkamer uitgestal is – miskien was dit ook om vir Butch te wys wat ons reeds met ons draaivermoëns vermag het. Die opkoms vir die dag was baie goed en die 41 persone het ná hul oggendkoffie en beskuit, nader gestaan sodat die verrigtinge kon begin. Hoewel nie almal voor naby die draaibank kon sitplek kry nie, het ons ander tog gerieflik op een van die twee TV-skermes kon sien en al die demonstrasies duidelik gevolg. Willie het geweet die manne is nuuskierig oor wat Butch sou vertel en wys en het vooraf slegs enkele afkondigings gemaak voor hy vir Butch verwelkom en aan ons voorgestel het.

Die volgende feite oor Butch is aan ons oorgedra:

Butch het aan Tukkies gestudeer en beskik oor 'n doktorsgraad in Diere-ekologie. Hy was vir jare verbonde aan die Nasionale Parkeraad en het o.a. baie werk gedoen op die Sebras van die Nasionale Krugerwildtuin. Hy is in draaierskringe hier en in die buiteland bekend vir sy groot en perfek afgeronde bakke van bosveldhout en veral knoetshout (burrs). Butch het al aan meer as 30 plaaslike en oorsese kompetisies deelgeneem, asook talle solo-uitstallings in plekke soos Johannesburg en Londen gehou. In 2006 behaal hy die eerste plek vir professionele draaiers in die Axminster internasionale kompetisie in die Verenigde Koninkryk. Voorwaar 'n merkwaardige

prestasie. Van sy werk is ook in 'n boek met die titel *New Masters of Woodturning* saam met ander van die wêreld se top houtdraaiers opgeneem. Van sy stukke is reeds in besit van korporatiewe versamelings, privaat sowel as internasionaal. Dit was verblydend om te kon verneem dat 'n groot deel van hierdie inkomste dien ter ondersteuning van liefdadigheidsorganisasies.

Hierna het Willie vir Butch aan die woord gestel en kon almal regskuif vir lekker luister, kyk en leer.

Die grootste deel van Butch se vertelling en demonstrasie het hy aan knoetshout gewy. Hy het eers verduidelik wat presies houtknoetse is, waar hy hulle versamel, hoe die knoetse voorberei word en dan uiteindelik hoe dit aangewend kan word om besondere draaistukke van te produseer. Tussen al die draaiery deur was daar gereeld vrae aan Butch wat tot baie interessante gesprekke en mededelings gelei het. Leon Wolmarans het onderneem om 'n DVD van die dag se verrigtinge saam te stel en dit sal te gelegenertyd beskikbaar gestel word. Dis nou vir die manne wat nie die dag se verrigtinge kon bywoon nie asook vir diegene soos die uwe, wat wel daar was, maar nie al te goed kan onthou nie. Dit was voorwaar 'n massa feite en klomp inligting wat daar in Carel se werksplek rondgevlieg het, sodat mens maklik verskoon kan word as jy nie alles goed kan onthou nie.

Hierdie demonstrasie is kort voor die middag-ete voltooi waarna aandag aan die uitstalling en ete gewy is. Butch was nogal beïndruk met die gehalte van ons manne se werk. Dit is geensins onvanpas om weer na die besonder heerlike middagete te verwys wat Marietjie van der Merwe en Kobus Mostert voorberei het nie. Marietjie se bykosse was so uit die boek en het selfs heerlike nagereg ingesluit. 'n Baie groot dankie aan hulle in besonder.

Ná ete het Butch die aanwesiges aan die hand van 'n reeks foto's van sy pragstukke, op 'n kort toer deur sy portefeulje en 'n bietjie geskiedenis geneem. Dit het ook talle vrae en bespreking van die aanwesiges uitgelok. Met sy tipiese verteltrant en humoristiese kwinkslae het almal enduit aandagtig geluister en soms geskater van die lag. Soos ons nou reeds self weet en van draaiers in die algemeen ervaar dat hulle nie suinig met wenke en inligting is nie, was dit met Butch ook die geval. Daar was nie een vraag waarop hy nie 'n goeie antwoord verskaf het nie. Die meeste van die wenke wat hy dan ook uitgedeel het kom direk uit sy jarelange ervaring.

Toe kom ons by die laaste item op die dag se agenda naamlik die verkoop van voorbereide en onvorbereide stukke hout. Butch het vooraf gereël hy bring hout saam om te verkoop, maar het ook belowe dat daar baie interessante en baie onbekende stukke bosveldhout sou wees. Dit was inderdaad so en al die hout wat Butch saamgebring het, 'n hele sleepwa vol, is daar en dan binne 'n ommesientjie verkoop.

Met die groetslag het Butch nie net belowe om weer vir ons te kom kuier nie, maar ook daarop aangedring dat wanneer die manne in Nelspruit se omgewing aanland, hulle beslis welkom sal wees om hom en sy werksplek te kom besoek.

VOETNOTA: Deur Lou Coetzer

Ons het die dag saam met Butch baie geniet en baie by hom geleer. Meeste van die manne het agterna die feit beklemtoon dat hulle opnuut begeester is om mooi en interessante draaiwerk te lewer. Dit het die volgende vraag by my laat opkom, en wat ek aan elke draaier in ons groep stel:

Wat is jou droom ten opsigte van jou draaiwerk? Waarna streef jy of wil jy streef? Het jy al vir jouself 'n doel gestel (op skrif?) wat jy gereeld kan lees en oordink en bereken hoe ver jy al op die pad na daardie doel (droom?) gevorder het? Watter bydrae wil (moet?) jy nog tot ons groep lewer?

Oordink en beantwoord hierdie vrae eerlik en opreg. Verwoord jou droom sodat jy dit gereeld kan onthou en jouself kan motiveer om daarna te streef.



Die afwagting is groot om na Butch te kom luister. Reinald stel vir oulaas aan die video-kamera en in die agtergrond vra Marietjie of iemand nog 'n beker koffie wil hê.



'n Heel ontspanne Butch Smuts met die aanvang van sy demonstrasie. Kyk hoe skoon is sy klere nog.



Die demonstrasiebak vorder mooi en die skaafsel trek ver (tot by die voortse ry sitplekke).



So lyk 'n besige kok wat drie Webers gelyktydig moet dophou – Kobus Mostert aan die werk.



Die houtverkope was 'n groot bedrywigheid en mooi stukke hout word vinnig weggebêre. Francois wonder seker wat hy met daardie klein stukkie kan vermag.



Een van Andrew Bourke se mooi stukke wat op die uitstalling in die sitkamer was.

Kabinetwerkers Werkswinkel April 2014 **Skerpmaak van hand gereedskap** **Deur Klaas Coetzee**

Weens onvoorsiene persoonlike redes moes ons die April en Mei Werkswinkels omruil. Dus in pleks om by Neville Comins te gaan kuier het ons egter by Louw Trichardt 'n draai gemaak.

Almal was hartlik verwelkom en die werkswinkel het sommer vinnig afgeskop met die skinkbord projek, wat einde se kant toe gestaan het. Daar was gelet op die blad van die skinkbord, en 'n voorbeeld was voorgelê waar verwysings gemaak was na die rante wat met 'n verdiep skaaf afgewerk was.

Ons nuwe projek was ook bekend gemaak, 'n ronde wyntafel wat vervaardig kan word in twee hoogtes. 'n Voorbeeld van hierdie tafel was beskikbaar vir die lede se besigtiging. Alhoewel die gedraaide middelbeen nie veel van 'n uitdaging is vir lede wat die draaiers

groep ook ondersteun, is dit wel 'n uitdaging vir die andere lede. Sodoende het ons 'n eksterne firma gekontak, wat kopieer draaiwerk doen, om hierdie lede te help en sodoende meer lede tot die projek te betrek.

Die onderwerp vir die werkswinkel was die skerpmaak van hand gereedskap, wat beitels sowel as skaaflemme insluit. Soos bevestig was met die praktiese lesing by verlede jaar se uitstalling, weet talle houtwerkers nie veel van die onderwerp nie.

Die doel van hierdie werkswinkel was om 'n bekostigbare middelweg te vind, aangesien daar in die gereedskap bedryf 'n groot verskeidenheid van skerpmaak gereedskap bekombaar is, party teen heelwat stewige pryse.

Daar was eerstens gekyk na die basiese benodighede wat benodig is hiervoor.

Indien jy jou eie lemme wil skerp maak het jy die volgende benodig:

- 'n banktipe slypwiël,
- 'n verstelbare setmaat,
- gepaste slypwiël,
- ten minste een vel elk van die volgende water skuurpapier: 180grit, 320grit, 400grit, 600grit, 1000grit.
- Spuit plakgom/contact adhesive.
- Afval stuk Graniet blad /glasblad vir basis.
- Water

Die banktipe slypwiël is van uiterse belang, indien jy wel een wil aanskaf moet daar gekyk word na;

- die grootte van die slypwiël,
- die sterkte van die motor en
- die spoed in omwentelinge per minuut.

Dit is raadsaam om een aangeskaf wat ongeveer 1 400 opm. handhaaf. Die meeste handelsmerk slypwiele handhaaf tussen 2 800 en 3 000opm. dus is dit wel nodig om marknavorsing te doen.

Van 'n veiligheids perspektief, is 'n stewige steun punt is baie belangrik en dat die sykant plate aan die kant van die masjien stewig pas. Ander punte om na te kyk;

- 'n skerm voor die sluipliewiele, wat verstelbaar is. Indien die skerm van glas vervaardig is, moet daar gelet word dat dit versterkte of gelamineerd glas is.
- 'n waterbak voor of onder die snywiël is 'n bonus, 'n plastiese bak is beter, aangesien 'n metaal bak maklik roes.

Daar is 'n groot verskeidenheid verstelbare setmate op die mark en jy kan selfs jou eie vervaardig; daar is wel later 'n verwysing na 'n hulp same artikel in hierdie verband. Setmate vergemaklik die skerpmaak proses, veral as dit by die slyp van plat beitels kom, en moet na verskeie vlaktes verstelbaar wees.

Daar was ook verwys na 'n groef in die setmaat. Hierdie groef verleen hom aan die aanvulling van die klam gedeelte van die setmaat, waarin die beitel geklamp word hetsy reguit of skuins na die behoefte van die beitel.

Die standaard slypwiele wat oor die algemeen saam met die slypmasjien verskaf word, verleen hulle nie juis aan die slyp van snygereedskap nie, aangesien hul meer gepas is om growwe yster af te sleep, Bv. Grawe en skoffels. Dit beteken wel dat jy 'n besoek aan jou naaste spesialiteit winkel gaan moet maak en navraag doen in verband met hul voorraad en wat beste sal werk vir jou vereistes. En terwyl jy daar is, vind uit of hul industriële diamant slyppunte ook aanhou, hierdie word gebruik om jou slypwiele weer plat te maak.

Die fokus van die werkswinkel was hoe om beitels wat nuut gekoop is skerp te maak. Andersins as wat meeste mense dink, is nuwe beitels eintlik stomp met punte wat rof gesleep is. Hierdie beitels moet eers aan die rug of onderkant goed glad gemaak word. Die gereedskap om dit te doen kan jy self vervaardig.

Om die slyp basis te maak:

- Neem 'n afvalstuk graniet blad of glasblad van ongeveer 10mm dik,
- Gebruik spuitgom of Contact Adhesive en plak dan so na aan die rand as moontlik, 'n 1/2 of 1/2 van 'n vel water skuurpapier – afhangende die grootte van jou blad - papier in stroke langs mekaar.
- Begin met die 180grit en maak seker daar is geen opgehewe plekke onder die skuurpapier is nie.
- Laat dit goed droog word.

Om te slyp:

Jy wil so veel as moontlik van die agterkant van jou beitel gelyk en gladmaak. Dus gaan jy eers by die growwe grein begin en stelselmatig deur te werk na die fyner grein. Gebruik tussen 6-10 slepe op elke grein papier en onthou om die papier nat te maak. Hoe gladder die beitel is hoe makliker sal hy werk.

Nadat jy die beitel die klaar geslyp het oor die 1000 grit. papier behoort dit jou gesig te weerspieël. Hierdie afwerking word net eenkeer voltooi. Hierdie proses word ook gevolg met handskaaf lemme.



Slyp van agterkant

Die snykant van die skaaflem of beitelpunt word daarna geslyp en die hoekgraad moet eers gemeet word. Waarna die setmate gestel word en die punt gesluip word.



Slyp van snykant



Slyp van snykant met 'n setmaat

In die *Fine Woodworker* Uitgawe 213 van Augustus 2010 is daar 'n in diepte artikel geskryf deur Deneb Puchalski, getitel, *Get Sharp Fast*, bladsye 42-47 wat handel oor die onderwerp van skerpmmaak.

Die plan van die setmaat is in die artikel, jy hoef ook nie 'n vuurpyl wetenskaplike te wees om dit te vervaardig nie. Die waterstene wat hierin gebruik word is die pyn. Indien jy DMT slypblokke het bou die setmaat ooreenkomstig met die stene, want hierdie Shapton Glass Ceramic waterstene is redelik duur. Hardware Centre mag miskien hulle aanhou. In 'n Amerikaanse gereedskap katalogus kos hierdie Shapton Glass Ceramic stene as volg: 1000 grein \$57.00; 8000 grein \$ 102.00; en die steen houers is \$102.00 elk. Met die huidige rand dollar verwisseling is dit redelike styf. Die gids wat in die artikel gebruik word is plaaslik beskikbaar teen ongeveer R 120.00 indien jy daarop wil verbeter kan jy 'n "Veritas" MK 1 of MK2 kry by Hardware Center, hulle kos so tussen R450.00 en R850.00. Ons het ook vlytig gekyk na die Worksharp 3000 wat ongeveer \$70.00 is.

En vir al die handskaaf fanatikusse, in die *Fine Woodworker* Uitgawe 217 van Februarie 2011 is daar 'n in diepte artikel geskryf deur Christian Becksvoort, getitel, *One Bench Plane Can Do It All*, bladsye 44-47, oor laegraad skaaf wat kyk hoe die vier lemme wat teen verskillende graadhoeke gesluip word. Die beskrywing sluit aan by die bogenoemde artikel en setmaat.

As jy in intekenaar is van *Fine Woodworker* lees gerus die artikels. As jy nie 'n intekenaar is, kry gerus die boek by 'n vriend en lees hoe dit gedoen word.

Ons was ook getraakteer met drinkgoed en 'n verskeidenheid lekker eetgoed, waarvoor ons vir Marie. Lou se eggenoot, bedank. Marie het ook haar selfgemaakte versameling van miniatuur meubels aan ons gewys. Hierdie miniatuur meubels is letterlik en figuurlik uit die boonste rakke. Kom dames, as julle moeg is vir brei ensovoorts, hier is nou 'n geleentheid om iets anders aan te pak.

Byt vas en slyp vir jou 'n skerp kant.

Monthly Meetings: May

By Neville Comins

Dust Collection in a Woodwork Shop

One fact that we, as woodworkers, cannot avoid is that the processes and machines that we use in our work

inevitably produces wood chips and dust. While the wood bigger chips may create a mess, they are generally not a serious problem, but the same cannot be said of the dust.

We were thus fortunate to have a most useful presentation by Paul Roberts to assist in understanding the impact of dust on our health, but also how it can be controlled in a workshop. He drew his information from his personal experience, that of other members and published works on the subject.

Dust, or course, comes with particles of various sizes, some larger particles which are easier to filter out, but the most dangerous portion consists of the smaller dust particles ranging from about 0,3 mm down to a few microns. It is these smaller particles, when ingested, which cause the most damage in our lungs. Paul also reminded us of the talk by Lou Coetzer on the toxicity of many of the wood types we use, and this has the potential of compounding the risk. Thus it has become very important to install adequate dust control systems to reduce or remove these threats.



Sawdust from various machines

A starting point is to understand the sources of dust in terms of the various machines and tools that we commonly use. The use of hand tools generally does not create much of a problem and the resultant chips and dust are easily controlled. Obviously power tools tend to be the main sources, although different levels of fines are produced depending on the specific machines. For example, planers and thicknessers produce a wide range of chips and some dust, but saws and sanders are the main culprits for fine and very fine dust respectively. Most modern machines have dust collection ports available and it is clearly the best solution to remove as much of the dust as possible at source, but nevertheless a certain amount, especially the fines, can become airborne and

available for ingestion. Other activities such as routing and wood turning may make it more difficult to collect the emitted shavings, chips or dust and where possible dust hoods should be fitted to allow extraction.

Dust removal or protection can be in many forms and no single method can do everything.

a) Personal protection

- Good quality and well fitting face masks should be worn when dust is being produced. A useful point to learn is that the storage of the face masks should be in clean bags to prevent the mask picking up dust when not in use and actually worsening the situation.
- For more protection, there are facemasks available which provide filtered air to the user.

b) General ventilation

- Fans are sometimes used, but are not really effective as they can circulate the airborne dust and in some cases worsen the situation, as there is no removal.
- Air filtration systems, suspended from the workshop ceiling, can be effective in controlling airborne dust, especially in situations where collection of dust at the source is incomplete and allows a certain amount to become airborne.

c) Dust collection systems

- Portable vacuum systems are useful for connection to some portable power tools such as routers, saws, sanders, etc. Such systems, however, if not equipped with a pre-removal system for the heavier materials have limited capacity if the processes produce significant quantities of output.
- For larger stationary machines, units which often have cyclone separation for the heavier particles and filters for the remainder are more valuable. Again, many such systems have cloth bags to collect the fines, but one should ensure that they have the capability to remove the ultra-fines and not let them pass through. Hence the specifications of the filter bags of such units should be investigated.
- For more established workshops, with a number of stationary machines, built-in dust removal systems, using fixed piping attached to the various machines and gate-valves to control the collection, offer the best solution.

After this introduction to the various systems, extensive discussion followed with members debating such issues as the use of PVC piping on fixed systems and the potential for static build-up and a fire hazard, the design of piping layouts to allow maximum flow rates, etc. As the noise factor with such fixed systems can be another issue, the extraction units are often positioned at a distance or outside the workshop, and leading to longer pipe lengths and the potential that the unit purchased may have inadequate suction to give good dust removal. A number of members highlighted underspecified units which tended to choke when machines produced large amounts of chips and dust, and how this may be improved by using optimised fan designs to improve performance.



Dust collection port in a router

It was clear that such topics prove invaluable to many members and to those who are not currently using dust removal and protection equipment, food for thought and action. In any such discussion, it will always be a trade-off between cost, ease of use, and effectiveness but much can be learned from those who have working systems. The question remains – What is the cost of your health? Thank to Paul for a stimulating evening.

SketchUp Belangegroep

Deur Lourens Pretorius

Lede van die Pretoria Houtwerkvereniging het op Woensdagaand, 11 Junie 2014 'n SketchUp belangegroep afskop werksessie by die huis van Lourens Pretorius en Hettie Botha gehou.



SketchUp werksgroep

Gert Moller het goedgeunstiglik ingestem om die verantwoordelikheid van fasiliteerder vir die SketchUp belangegroep te aanvaar. Namens die Houtwerkvereniging word Gert hartlik bedank vir sy bereidwilligheid om hierdie belangrike rol te vervul. Gert se besondere SketchUp vermoë en behendigheid gaan in die toekoms 'n waardevolle bydra lewer tot die effektiwiteit en sukses van belangegroep lede.

Hettie word bedank vir beskikbaarstelling van haar woning vir die afskopvergadering asook verskaffing van die heerlike eetgoed.

Die 11 Junie 2014 SketchUp werksessie is voorafgegaan deur 'n vlugtige besoek aan Lourens se houtwerkwinkel. Te oordeel aan die moeite waarmee Gert die lede na die vergaderlokaal gelok het, is die lede se belangstelling in houtwerk weereens benadruk.

Lede (ingesluit nie-lede) wat die afskop werksessie meegemaak het: Reinald Böhringer, Braam Burger, Gabriele Burger, Schalk Cruywagen, Dries du Toit, Jehan Kruger, Gert Möller, Lourens Pretorius, Louw Trichardt, Elsabé Vermaak

Die oorkoepelende doelwit van die SketchUp belangegroep is eenvoudig om die vermoë van SketchUp te ontsluit tot voordeel van beter houtwerk eindprodukte.

Voorlopig is besluit om die tweede Woensdagaand van elke maand vanaf 18h00 vir die SketchUp belangegroep werksessies te oormerk. Die volgende werksessie is beplan vir Woensdag, 9 Julie 2014 by Gert Moller se vrou se nuwe haarsalon. Gert sal meer inligting voor die vergadering via epos bekendmaak. Daaropvolgende werksessies sal op 13 Augustus en 10 September 2014 plaasvind.

SketchUp word oor vele jare deur heelparty lede van die Pretoria Houtwerkvereniging op beide stokperdjie asook professionele houtwerkvlakke nuttig aangewend. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is Gelis Harmse wie SketchUp aanwend om sy skeppende idees en konsepte met kliente te deel en meubels van hoogstaande gehalte te vervaardig.

Die bekende stelsel ingenieurswese gesegde "neglect upfront leads to major problems downstream" is direk toepaslik in die houtwerkpraktyk.

'n Houtwerkprojek voorafgegaan deur deeglike beplanning en spesifisering het 'n baie groter kans op sukses as dié daarsonder. Die enorme waarde van 'n voorafgaande houtwerkprojek spesifikasie(s) in die vorm van SketchUp konsep- en detailtekening gevolg deur SketchUp gegenereerde snylyste ("cutting lists") is oor en oor deur lede soos Gelis Harmse en Alexander Wildervanck in die praktyk bewys.

Die oefening waarmee Gert die lede tydens die eerste werksessie betaak het, het te doen met die toepassing van SketchUp se sogenaamde "Photo Match" funksionaliteit. Die "Photo Match" funksie stel 'n persoon in staat om 'n eksakte replika van 'n foto van 'n meubelstuk, gebou of enige ander item in SketchUp formaat oor te teken. Alhoewel lede geswoeg het met die taak, is die waarde van die besondere funksie en die vermoë van SketchUp in die algemeen deeglik tuisgebring.

Editorial

Editor: Paul Roberts

E-Mail: paul.roberts@ptawoodworkers.com

Tel: 084 515 2773